In Diepte
Bylae tot Voorgrond

Die verlede bepaal die toekoms!

Flip Buys

‘n Verantwoordelike en sorgsame gemeenskap is ‘n lewende gemeenskap.

Gemeenskap en omgewing: twee kante van dieselfde munt.

Lida Strydom

Februarie 2009
1/4

Die verlede bepaal die toekoms!

Feesrede gelewer te Orania tydens Geloftedag, 16 Desember 2008

1. Inleiding

Dit is vir my 'n groot voorreg om vandag saam met u die honderd en sewentigste herdenking van die Gelofte te vier. Geloftedag is 'n tyd om te besin oor ons as Afrikaners se verlede, maar ook oor ons toekoms. In die gejaagde tyd waarin ons vandag leef, is mense so besig met die hede, dat daar nie meer tyd is om te beplan vir die toekoms of na te dink oor die verlede nie. Inteendeel, mense dink die verlede is onbelangrik want dis klaar verby, en die toekoms sal tog vanself gebeur, 'n mens hoef jou nie daaroor moeg te maak nie. Die meeste probeer maar net van dag tot dag die hede oorleef. Maar 'n begrip en liefde vir 'n mens se geskiedenis is kernbelangrik vir 'n volk se voortbestaan. Churchill het treffend hieroor gesê dat hoe verder 'n mens in die toekoms wil inkyk, hoe verder moet jy in die verlede kyk!

Die probleem is dat die verlede, hede en toekoms só nou aan mekaar geknoop is dat die een nie moontlik is sonder die ander nie. As ek sien wat deesdae van ons volk se geskiedenis gemaak word, is ek soms meer bekommerd oor ons verlede as oor ons toekoms! Daarom wil ek vandag stilstaan by die vraag hoekom ons geskiedenis so belangrik is vir ons toekoms. Anders gestel, wil ek die punt maak dat 'n "normale " geskiedenis noodsaaklik is vir 'n volk se toekoms.

2. Die belangrikheid van ons geskiedenis

Geloftedag as een van die oudste en belangrikste herdenkingsdae van ons volk was in die verlede die fokuspunt van menige aanvalle op die Afrikaner. Hoeveel aanvalle moes ons verduur (en verduur ons vandag nog) met die doel om twyfel te saai of God regtig die Voortrekkers uitgered het met Bloedrivier, of Geloftedag werklik deur die Trekkers gevier is, of dit regtig bindend is op ons, of die Voortrekkers nie eintlik die groot verdrukkers was nie, en so kan ons aangaan. Daar is en was baie aanvalle, maar altyd met twee hoofdoelwitte, naamlik om die Afrikaner te laat twyfel in God en in homself. Ons vyande het altyd besef as hulle dit kon regkry om die moderne Afrikaner in God en in ons saak te laat twyfel, hulle ons kon ondergrawe. Die doel was en is om die Afrikaner se verlede as 'n wapen te gebruik om sy toekoms te vernietig. Om ons so te laat twyfel aan ons ideale, ons helde, ons geskiedenis, ons saak en God se hand in ons geskiedenis, hoop hulle om ons te laat twyfel aan ons geloof, ons reg op voortbestaan, ons vryheid en ons toekoms. Om die Afrikaner totaal te transformeer moet hulle eers ons geskiedenis wegtransformeer en diskrediteer. Wie het nou gedink dat selfs nie eens die verlede meer veilig sal wees in die nuwe Suid-Afrika nie!

Die misbruik van die geskiedenis om by 'n politieke beleid te pas en dit te regverdig het al geweldige skade aangerig. In sy ergste vorme kan dit tot die ontbinding van die geteikende groep lei, want wie wil nou deel wees van 'n volk met 'n verwerplike verlede? Dit kan ook na 'n roep om wraak by die sg. verontregte groep lei, want die onregte van die verlede moet mos gewreek word. 'n Mens vra jouself die vraag af of die rassistiese geweld en plaasmoorde nie deels spruit uit die skeeftrekking van die Afrikaner se geskiedenis deur die regering, die media en andere nie. Het al die propaganda teen die Afrikaner nie al so 'n haat help losmaak dat die geweldenaars dink hulle kan ons mense maar doodmaak uit wraak vir die sogenaamde verlede nie?

Dis vandag mode om die Afrikaner-Voortrekkers van die 1830's te meet aan die voorste menseregte-ideale van 2008, wat vandag nog nie eens op die helfte van ons planeet praktyk is nie. Ten spyte daarvan is dit insiggewend om te lees dat artikel 5 van Retief se Manifes van 1837 uitdruklik teen slawerny stelling ingeneem het, byna 30 jaar vóór die Amerikaners eers 'n burgeroorlog moes veg om dit af te skaf. Artikel 10 van die ZAR se Grondwet van 1858 se verbod op slawerny en slawehandel was ook ingestel voor dit eindelik eers na die oorlog in 1865 in Amerika afgeskaf is.

Die meeste mense het maar 'n selektiewe geheue as dit by die verlede kom. Kyk hoe hoogheilig die Britte was teenoor die regte van andere wat die Voortrekkers aan die Oosgrens en tydens die Groot Trek sou geskend het, maar kyk na hulle eie rekord met die Konsentrasiekampe meer as 'n halfeeu later. Die ANC is lief daarvoor om die Afrikaner se verlede te fynkam en te vergelyk met vandag se hoogste standaarde, maar is self maar taamlik vergeetagtig wanneer dit kom by die vergrype van Stalin of baie Afrikalande en -leiers, waarvan Mugabé maar net die jongste voorbeeld is. Ek kan my ook nie herinner dat iemand in regeringskringe al ooit iets genoem het van die geskiedenis van slawerny in Afrika, wat betref die geweldige omvang van die verslawing van mede-Afrikane nie.

Die groot gevaar vir ons toekoms is vandag as ons jeug die ANC se weergawe van die verlede as die **"Groot Waarheid"** oor die geskiedenis aanvaar. En ons moenie dink dis onmoontlik nie. Gaan kyk maar wat staan in ons geskiedenisboeke, kyk maar wat word in die media geskryf, luister maar waarvan word die Afrikaner vandag van ander verhoë af beskuldig!

Hoekom is die ANC se siening oor die verlede so gevaarlik vir ons toekoms? Omdat hulle 'n skeefgetrekte weergawe van die geskiedenis geskep het, nie net om hulle eie "struggle" te verheerlik nie, maar om hulle diskriminerende beleid vir die toekoms te regverdig, om die Afrikaner enige tipe sg. "regstelling en transformasie" te laat aanvaar, want dis immers maar net bedoel om reg te stel wat in die verlede gebeur het, om geloofwaardige weerstand teen enige

nuwe onregverdige beleid te neutraliseer en te ontmoedig, want dis mos nie verdrukking nie, dis net regstelling! Om 'n Afrikanerherlewing te verhoed, want julle wil sekerlik nie terugkeer na apartheid nie!

Daarom wil ek vir ons jongmense sê: daar word nie vandag teen julle gediskrimineer omdat die ANC wil regstel wat verkeerd was nie, daar word teen julle gediskrimineer omdat die ANC sy eie mense volgens sy eie rassebeleid wil bevoordeel, omdat hulle d.m.v. die beginsel van "verteenwoordigendheid" die beheer oor alle instellings in die land wil bekom en omdat hulle die Afrikaner onderdanig en "op sy plek" wil hou sodat ons altyd die gewillige ou melkkoei sal bly wat met ons belasting ons eie benadeling sal bly befonds!

Klink dit kras? Wie dink nog alle ongelykhede is vanweë die onbillikhede van die verlede? As apartheid dan die oorsaak van alle ellende is wat net deur 'n omgekeerde proses reggestel kan word, hoekom is die hele Afrika dan 'n troostelose verhaal van armoede en lyding? Ja, daar was sekerlik dinge in die verlede wat nie reg was nie, maar is die huidige swart armoede nie veel eerder die gevolge van die normale probleme van onderontwikkeling in Afrika wat regdeur die vasteland voorkom nie? En het die ANC nie deur sy beleid van wetteloosheid, van ontwrigting van swart onderwys en deur sanksies te bepleit 'n groot aandeel in vandag se geweldsmisdaad, ongeskooldheid en werkloosheid nie? Inderdaad, die ANC-in-regering sukkel vandag baie met probleme wat die ANC-in-struggle help veroorsaak het en waarvoor hulle nou die Afrikaner blameer!

Baie van ons vyande wil ons laat glo dat die sg. "einde van die geskiedenis" vir die Afrikaner aangebreek het, dat ons "tyd" vir altyd verby is, dat ons jongmense nou maar permanent aan die kortste end moet trek, dat ons nou maar moet stilbly of landuit gaan, dat ons nooit meer in beheer van ons eie lot sal wees nie, dat ons volk nie meer 'n toekoms het nie. Ja, baie van wat regverdig opgebou is, word tans vernietig, of is reeds vervalle.

Maar die toekoms is nie klaar verby nie, dit kan nog gemaak word, deur ons gewone mense. Dis goed en nodig om trots te wees op dit wat ons voorvaders en –moeders vermag het, maar dis nou óns beurt om iets te doen. Elke geslag is immers verantwoordelik vir sy eie tyd. Maar ons móét onthou dat 'n volk net een geslag diep is. Net een geslag wat sy verantwoordelikheid nie nakom nie, kan 'n volk se einde beteken. Maar gelukkig is ons nie willose slagoffers van die geskiedenis nie, ons kan meewerk aan die skepping van 'n eie toekoms. Die toekoms is gans en al te belangrik om net aan die ANC-regering oor te laat! Gewone mense wat baie bereik het, het 'n alternatiewe droom van die toekoms gehad wat ander om hulle nie raakgesien het nie. Hulle het 'n "ander" toekoms gekies, en dan in die harde werklikheid van die hede saam met talle ander begin werk om dit te realiseer.

Kyk na die geskiedenis van Afrikaans. Die leiers van die eerste taalbeweging was almal in hulle twintigerjare, behalwe SJ du Toit wat in sy vroeë dertigs was. Maar ook op ander gebiede het jongmense geskiedenis gemaak. Marconi het op 21 die draadlose oordrag van radiogolwe ontdek. Alfred Nobel het op 33 dinamiet uitgevind. Anton Rupert was 25 toe Voorbrand Tabakmaatskappy gestig is. Bolivar het Suid-Amerika op die ouderdom van 27 bevry. Luther was 33 toe hy sy stellings teen die kerkdeur vasgespyker het, terwyl Calvyn 27 was met die skryf van sy Institusie van die Christelike godsdiens. Die Protestantse hervorming het die mag van die Katolieke kerk gebreek, wat die wetenskap, ekonomie en tegnologie vrygemaak het om te ontwikkel en dit gelei het tot die opkoms van die Weste as dié wêreldmag. Kemal Attaturk het Turkye op 36 jaar begin moderniseer, toevallig op dieselfde ouderdom waarop Peter die Grote dit in Rusland aangepak het. Jan van Riebeeck was 33 toe hy in die Kaap aangekom het, en Napoleon het op 'n jeugdige 28 opperbevelvoerder in Frankryk geword. Daar is natuurlik net soveel voorbeelde van ouer mense en selfs oumense wat die geskiedenis beïnvloed het, te veel om op te noem.

Kenmerkend van feitlik almal wat geskiedenis gemaak het, is dat hulle hulself nie as slagoffers van hulle omstandighede gesien het nie, maar in beheer was van hulle eie toekoms. Hulle het geglo dat jy nie net 'n passiewe toeskouer is van wat met jou gebeur nie, dat jy nie net daarop kan reageer nie, maar dat jy aktief kan meedoen aan die skep daarvan, al lyk dit op die oog af nie moontlik nie. Dis so anders as baie Afrikaners wat vandag nie vir hulleself 'n toekoms sien nie, en dan sommer inwaarts of uitwaarts emigreer. Of so baie ander wat maar gedweë aanvaar dat Afrikaans net by die huis en tydens kunstefeeste gepraat word, of ander wat lustig meehelp aan die aftakeling van Afrikaans en Afrikaanse instellings, omdat dit bloot die maklikste ding lyk om te doen, of omdat hulle voel dat die nuwe magselite dit van hulle verwag. Of ander wat meen dat 'n demokrasie en 'n grondwetlike regstaat beteken dat die ANC nou met almal kan doen wat hulle wil en dat ons nou vir ewig moet laag lê en min sê. Of soos sommige swartmense wat meen dat hulle arm was deur omstandighede buite hulle beheer, en nou ryk "bemagtig" moet word sonder dat hulle daarvoor hoef te werk. Daar is niks so ontmagtigend as 'n slagofferkultuur nie. Ons eie geskiedenis het gewys dat daar net een tipe volhoubare bemagtiging is, en dit is selfbemagtiging.

Maar geskiedenis word nie gemaak deur mense wat soos dooie visse stroomaf dryf nie. Dit word ook net by uitsondering deur genieë soos Einstein gemaak. Dit is ook raar dat geskiedenis deur reuse soos Bismarck gemaak word, wat met groot besluite die wêreld verander. Geskiedenis word gewoonlik deur derduisende gewone mense gemaak wat in navolging van 'n inspirerende visie tallose klein besluite neem wat op die duur tot ongewone gevolge lei, en wat dan geskiedenis genoem word. Dit is nou die tyd vir jong leiers om ou ideale te omskep in nuwe drome, om idees te hersien volgens nuwe werklikhede, dit dan

om te sit in vars idiome en dit met lewenskragtige instellings na te jaag tot dit 'n werklikheid word. Dis hoe geskiedenis gemaak word, dit gebeur nie net nie.

Dit is uiters belangrik dat ons onsself en ons jongmense toerus met kennis van die verlede om hulself te kan handhaaf in die toekoms. Anders bly ons altyd op die verdediging en die aktiviste op die aanval. Daarom is navorsing noodsaaklik, maar ook die publisering van navorsing op die Internet sodat dit vir ons onderwysers en kinders toeganklik kan wees. Anders is al inligting wat hulle kry, wat ANC-aktiviste vir hulle gee via skoolhandboeke, staatsmedia en monumente soos die Apartheidsmuseum en Freedom Park. Ons moet dit ook op nuwe tegnologie soos DVD's beskikbaar stel en ondersoek instel na rekenaarspeletjies en ander moderne metodes om die aandag van jongmense te trek. Geskiedenis as vak moet ook die aandag kry wat dit verdien. 'n Goeie beginpunt is om ons kinders vir 'n uitstappie te neem na die nuwe Afrikaner Erfenissentrum by die Voortrekker-monument. Ons kinders moet 'n gebalanseerde beeld van die Afrikaner se bydrae tot die land kry. Maar dan moet ons as ouers eers self die nodige kennis hê om vir hulle leiding te gee.

Dames en here, die stryd om die verlede gaan nog veller word, omdat dit die toekoms gaan bepaal. Daarom moet ons die verlede hanteer soos president Paul Kruger gesê het: "Neem uit die verlede alles wat goed en mooi is, vorm daarna jou ideaal en streef dan om dit in die toekoms te verwesenlik". Soms is ek in die SA-konteks bekommerd oor 'n benadering van: soek in die verlede na dit wat ons kan verdeel, vorm daarna jou politieke beleid en streef dan om in die toekoms daardie foute op 'n baie groter skaal te herhaal!

President Kruger kon dit nie beter gestel het nie. Maar ons sal baie mooi moet dink en navorsing doen oor presies wat daardie mooi dinge in die verlede is wat so goed en mooi was en waarmee ons die toekoms moet bou. My voorstel sal wees dat ons daardie tydlose kernwaardes wat die Afrikaner die suksesvolste volk in Afrika gemaak het, moet herontdek, sodat dit dan die riglyne uit die verlede vir die toekoms kan wees om vir ons die pad aan te dui.

Hier praat ek van waardes soos ons Christelike roepingsbesef, die strewe na vryheid en selfstandigheid, die Voortrekkergees, of in vandag se taal, ondernemingsgees, daadkrag en gemeenskapsbewustheid. Daarom moet ons nie net berus by alles wat vandag gebeur nie. Ons mag nie ons rug draai op ons verlede, ons toekoms, ons ideale en ons taal en kultuur, kortom op ons volk nie. Dit beteken nie ons moet die verlede probeer herstel nie, maar dit beteken ons moet op ons geskiedkundige strewes voortbou.

Die Voortrekkers se pioniersgees was 'n groot rede agter ons volk se sukses. Kenmerkend hiervan is die bereidheid om voor te loop as ander twyfel, die bereidheid om te volhard as ander al tou opgooi, die gewilligheid om 'n risiko

te loop sodat jou gemeenskap, of selfs die volgende geslag 'n opbrengs groter as geld kan kry. Hierdie gees was nog altyd op alle terreine van ons volkslewe teenwoordig: van die kulturele tot by die militêre, politieke, ekonomiese, arbeids-, tegnologiese en landbouterrein. Hierdie tydlose waardes het die Afrikaner gedryf om die suksesvolste beskawing in die geskiedenis van die vasteland te ontwikkel, ver van die naaste ontwikkelde land af. Ons volk het wêreldleiers op elke gebied opgelewer, van die mediese, besigheids-, militêre tot op die kulturele en maatskaplike gebiede. Afrikaners het die atoom gesplyt, harte oorgeplant, wêreldmagte op die slagveld gepak, globale sakeryke opgebou, die jongste taal ontwikkel, met die wêreldgrotes op elke gebied saamgepraat. Dit was een van die min volke wat homself binne die bestek van een geslag gemoderniseer het. Hierdie gees is in ons gene, dis deel van ons, dit stel ons in staat om as ons werklik wil, 'n sukses van enige iets te maak. Daarom moet ons daarop voortbou, binne die moeilike werklikhede van ons tyd. Maar onthou, 'n visie sonder aksie is blote dagdroom, en aksie sonder visie is 'n nagmerrie! Daarom moet ons groot dink, maar daarna moet ons groot doen!

Solank ons volk 'n positiewe toekomsbeeld gehad het, het dit met ons goed gegaan. 'n Samebindende droom of ideaal verenig mense, dit besiel, en dit wek die energie op om dit te verwesenlik. 'n Mens word wat jy glo jy sal word, so ook 'n volk.

Geen mens en geen gemeenskap kan sonder hoop op die toekoms leef nie. Jou toekomsverwagting bepaal jou optrede in die hede. Sonder 'n positiewe toekomsbeeld verval 'n mens in depressie, doen 'n kultuurgroep niks vir sy voortbestaan nie, gaan 'n taal ten gronde, of ontbind 'n volk. Baie Afrikaners leef vandag sonder hoop. Mense emigreer omdat hulle nie 'n toekoms hier sien nie, en ander bestaan bloot as enkelinge wat Afrikaans by die huis praat. Dis vandag baie moeiliker om algemene instemming oor die inhoud van 'n nuwe besielende droom te verkry. Toe die Afrikaner die land regeer het, was daar ons eie regeringsleiers wat die droom kon verwoord, met die amptelike status om die Afrikaner daarmee te besiel, en met die instellings en staatsbronne om dit te help verwesenlik.

Nog 'n faktor wat dit moeiliker maak, is dat daar so baie negatiewe dinge om ons gebeur dat dit moeilik is om mense met 'n positiewe en opwindende toekomsbeeld te motiveer. Daar is ook werklikhede soos die getalleverhoudings wat maak dat mense voel dat niks aan die probleme gedoen kan word nie omdat dit tog nie sal help nie.

Baie mense het ook al soveel vertroue verloor weens ontnugterings en mislukkings in die verlede, dat hulle nie meer die vertroue in hulself, in hul volk of in diegene het wat nog iets probeer doen nie.

Maar die belangrikste sleutel tot sukses is dat ons weer ‘n positiewe droom vir die toekoms moet ontwikkel. Ons moet ophou om mekaar moedeloos te praat. Niemand wil in ‘n moedelose, bankrot ding betrokke wees nie, of dit nou ‘n besigheid is, of ‘n volksaak. Almal wil veel eerder deel van ‘n suksesvolle wenspan wees wat naderhand sy eie momentum en energie opwek wat mettertyd onkeerbaar word. Ons moet meer van onsself verwag. Daar is niks so suksesvol soos sukses nie. Ons het tog al in die verlede gesien wat die krag van ‘n positiewe visie en doelgerigte daadkrag is.

Maar terug na die kwessie van ‘n positiewe visie: om sukses te behaal sal ons visie of ons plan groter as die probleem moet wees, en dit moet betyds en doeltreffend uitgevoer word, anders is ons nie ernstig nie en wil ek nie deel daarvan wees nie.

3. Slot

Ek sluit af. ‘n Volk met ‘n verlede is ‘n volk met ‘n toekoms. Daar is soveel wat ons kan put uit ons verlede, wat ons kan gebruik om ons toekoms te herbou en ‘n Afrikanerherlewing te bewerkstellig. Ons moet bid in die wete dat alles van God afhang. Maar daarna moet ons werk asof alles van onsself afhang. Ons moet ons jongmense weer besiel met ons volk se ou ideale, wat weer nuut vertolk word. Die geskiedenis het gewys dat volke nie deur hulle vyande uitgewis word nie, maar selfmoord pleeg deur ‘n gebrek aan dinkkrag en daadkrag. Kom ons skep ‘n toekoms waarin daar vir ons kinders ook ‘n plek is. Ons het dit al voorheen gedoen en ons kan dit weer doen.

Baie dankie.

Flip Buys
Uitvoerende Hoof, Solidariteit

‘n Verantwoordelike en sorgsame gemeenskap is ‘n lewende gemeenskap.

Gemeenskap en omgewing: twee kante van dieselfde munt.

‘n Referaat gelewer tydens die konferensie: Nuwe antwoorde vir nuwe tye, gehou te Orania op 9 Augustus 2008.

Mense lag gewoonlik as ek hulle vertel van *Sonic Bloom*. *Sonic Bloom* verwys na die navorsing van Dan Carlson wat vasgestel het dat die eerste vroegoggend voëlgesang die huidmondjies van plante laat oopgaan. Deur hierdie klein openinkies op die blare kan plante waardevolle voedingstowwe opneem.

Daar is ‘n komplekse verhouding tussen plante en hulle omringende omgewing, een wat tans nog nie goed verstaan word nie. Die klanke wat aan die plante voorgespeel is, het tot gevolg gehad dat meer as sewe keer die gewone hoeveelheid voedingstowwe deur blaarvoeding opgeneem is en ook dat dit onsigbare waterdamp in van die droogste klimaatstoestande kon opneem.

Deur die gebruik van *Sonic Bloom* en blaarvoeding het Mohammed Azhar Khan sy aartappeloes met 150% en sy koringoes met 85% bo die nasionale gemiddelde verhoog. ‘n Musiekonderwyser wat betrokke was by die navorsing, het gesê: “Dit was aangrypend om die verbinding te maak. Ek het gevoel dat God voëls vir meer geskep het as om in die lug rond te vlieg, te kweel en te kwetter. Hulle sang moet op ‘n manier intiem gekoppel wees met die geheimenisse van saad wat ontkiem en plante wat groei.”

Ek verstaan nie hoekom mense lag as ek hulle vertel van *Sonic Bloom* nie. Miskien is dit omdat die idee uit die agtiende eeu ontstaan het, dat rede, gebaseer op empiriese waarneming, die enigste akkurate gereedskap was om realiteit te beoordeel. Dat voëlgesang dalk nie vir ‘n spesifieke rede bestaan nie.

Wetenskap en die eksperimentele metode het vir lank die heerskappy gevoer. Die masjien het die dominante metafoor van die wetenskap geword en enigiets wat nie hierby ingepas het nie, is as onwetenskaplik beskou: die oog was ‘n kamera, die hart was ‘n pomp en later is die brein as ‘n rekenaar gesien. Die basis van die negentiende-eeuse rasionalisme was dat die natuur volledig deur wetenskap verstaan

kon word en dat ons daardeur uiteindelik alles om ons kon verstaan. Dit is algemeen as menslike vooruitgang aanvaar.

Menige wetenskaplike was diep geskok toe dit in die twintigste eeu ontdek is dat ons op atomiese en subatomiese vlakke net eenvoudig nie met sekerheid kon voorspel wat gaan gebeur nie. Binne 'n aantal moontlikhede kan daar spontane reaksies plaasvind. 'n Mens kan byvoorbeeld nie voorspel wanneer 'n spesifieke uraanatoom sal verval nie. Dit kan binne die volgende duisend jaar plaasvind, of in die volgende miljoen jaar, of binne die volgende sekonde. Daar is nie 'n vaste reël nie. Selfs die idee dat alles uit soliede atome bestaan, is omvergewerp. Atome word nou gesien as vibrerende strukture van aktiwiteit wat onophoudelik beweeg. Energie en vibrasies: ons kan nie presies bepaal waar iets is nie. Om te meet is nie meer om te weet nie!

Ons het vanaf die vyftigerjare 'n ontploffing in die gebruik van chemikalieë beleef. Dit het ons lewens op talle terreine vergemaklik. Ons het dit vooruitgang genoem. Dit is hierdie selfde chemikalieë wat nou in naelstringbloed van babas opgespoor word. 'n Studie deur die Environmental Working Group in die VSA het tot 287 verskillende chemikalieë in naelstringbloed gevind, met 'n gemiddelde van 200 chemikalieë per baba. Dieselfde gifstowwe is gevind in borsmelk. In Suid-Afrika is selfs DDT in borsmelk gevind. In Swede is daar al weliswaar fasiliteite beskikbaar waar moeders hulle borsmelk vir gifstowwe kan laat toets. Besmettings is ook in formulemelk gevind. Ons kry al hoe meer kinders met geestesiektes en selfmoordneigings kom op 'n al hoe jonger ouderdom voor. Ons het nog nooit soveel hiperaktiewe kinders in die geskiedenis gehad soos juis nou nie. Kanker kan ook volgens definisie nou beskou word as 'n epidemie. By diere kry ons vreemde gedrag en afwykings, seemeeue wat lesbiese gedrag openbaar en alligators waarvan die geslagsdele al kleiner word sodat hulle nie meer kan reproduseer nie. Wetenskaplikes sê dit gebeur a.g.v. die storting van gifstowwe.

Ons verwonder ons waar hierdie siektes en afwykings vandaan kom. Ons kan manne op die maan laat rondstap, maar ons is nog nie in staat om te bereken dat twee en twee vier is nie.

Volgens prof. Erik Holm is ons besig om eenhonderd spesies per dag te laat uitsterf, spesies wat dikwels nog nie eers benoem is nie, ons weet nog nie eens wat hulle werk en funksie op aarde is nie, maar ons praktyke het hulle reeds vernietig. Wie het gesê: Selfs die kleinste kindjie kan 'n blommetjie vernietig wat dit 'n God gekos het om te skep?

Niemand wat vandag hier sit, is nie bewus van die debatte en probleme rondom globale verwarming nie. Ek wil min daaroor sê. Die voorspellings is dat die seevlakke enigiets tussen een en ses meter kan styg. Die sondebok in hierdie geval is koolstofuitlatings.

Ek gebruik spesifiek die woord sondebok omdat 'n sondebok die onskuldige bok was waarop die sonde van die volk oorgeplaas is en dan in die woestyn ingejaag is. Dit is natuurlik nie CO_2 wat in die eerste plek die probleem is nie. CO_2 hoort op die aarde, maar in die regte verhoudings en in die regte kringlope. Dit is deur die toedoen van die mens en sy luukse leefwyse dat vlakke van koolstofdioksied nou ons voortbestaan begin bedreig.

As CO_2 in die atmosfeer vrygestel word, neem dit dertig tot veertig jaar om geabsorbeer te word. As ons in 1972 so vêrsiende was dat ons alle koolstofuitlatings toe gestaak het, sou vlakke wêreldwyd nou begin daal het. As ons nou onmiddellik van 'n vuil na 'n skoon ekonomie sou oorskakel, sal aardverwarming vir eers nog voortgaan, maar die CO_2-vlakke sal dan teen 2040 begin daal. As ons werklik nou moeite doen en dit kan regkry om koolstofvlakke onmiddellik te laat daal, sal die gemiddelde temperatuur van die aarde steeds met 1°C styg, maar dan eers teen 2100. Dit sal ons natuurlik waardevolle tyd gee om te beplan.

Die mensdom se wiskunde blyk uiters swak te wees. Ons praat van vooruitgang as ons slaai in Orania kan produseer en dit dan uitvlieg om op die onversadigbare mark in Brittanje te verkoop. Vir elke slaaikop wat ongeveer 50 kilokalorieë energie bevat, gebruik ons 8575 kilokalorieë aan vliegtuigbrandstof. Dit is dus 'n nettoverlies van 8525 kilokalorieë. Dan het ons nog nie die kalorieë bereken wat ons gebruik het in die voorbereiding van die grond, die plant, versorging, bemesting en die oes van die slaai nie. In die naam van vooruitgang put ons die bronne van die aarde teen 'n geweldige tempo uit.

Langafstandvervoer van selfs organiese voedsel veroorsaak uitlatings van CO_2, 'n kweekhuisgas. Vir elke mandjie ingevoerde organiese voedsel word net soveel CO_2 deur die vervoer daarvan vrygestel as wat 'n gemiddelde huishouding met vier lede sal vrystel as hulle vir agt maande lank maaltye kook.

Dieselfde grootte mandjie nieorganiese voedsel sal dieselfde koolstofdioksied vrystelling tydens vervoer hê, maar die nieorganiese produksiesisteme gebruik natuurlik nog meer energie vooraf en stel ook meer koolstofdioksied vry. Die produksie van nieorganiese melk gebruik bv. vyf keer meer energie per koei as organiese melk.

Die voedingstelsel is 'n betekenisvolle bydraer tot klimaatsverandering. 'n Tipiese Britse gesin bestaande uit vier lede sal jaarliks 4,2 ton CO_2 uit hulle huishouding vrystel, sowel as 4,4 ton uit hulle motor en 8 ton uit die produksie, prosessering, verpakking en verspreiding van die kos wat hulle eet. Suid-Afrikaanse syfers kom naby daaraan.

Dit is baie oneffektief om goedere met 'n binnebrandenjin te vervoer: 70% van die energie wat vrygestel word, word as hitte-energie vrygestel en slegs 30%

word gebruik om die werk te doen. Ekologies gesien is dit onsinnig om in die naam van vooruitgang 'n koolkop in Tzaneen te produseer en na die Kimberleymark te vervoer waar Oraniërs dit koop om nog verder na Orania te vervoer. Elke item het 'n geldprys en elke item het 'n ekologiese prys. Vir diegene wat dit nog nie verstaan nie: dit is nie vooruitgang om meer en meer infrastruktuur te skep in stelsels wat selfvernietigend is nie. Ek weet nie hoekom ons die somme so maklik kan verstaan as dit by geld kom nie, maar as dit by beperkte hulpbronne kom, verstaan ons glad nie dat as ons meer gebruik as wat beskikbaar is nie, ons besig is om bankrot te raak, en dit op 'n globale skaal.

Mark Lynas, 'n bekende omgewingsaktivis, maak dit duidelik dat die mens die enkele grootste oorsaak is van globale verwarming. Die mens is die enigste gebruiker van besoedelende chemikalieë op aarde. Die helfte van die energie wat oor die afgelope 2000 jaar deur mense gebruik is, is in die afgelope 100 jaar gebruik. Dít is gebruik teen 'n vernietigende tempo.

Volgens die Audubon Society is die aarde in staat om 10 biljoen mense te voed wat eet soos die mense van Indië, 5 biljoen wat eet soos Italianers en slegs 2.5 biljoen wat eet soos Amerikaners. Uit al die voorafgaande is dit vir my duidelik dat ons nie in die eerste plek 'n ekologiese probleem het nie. Ons probleem is in die eerste plek een van menslike gedrag.

Is globale verwarming en die krisis waarin die planeet hom bevind dalk 'n bietjie soos Vigs? Die tydsvenster tussen oorsaak en gevolg is so groot dat ons nie kan verstaan dat dit wat ons vandag doen, besig is om vir ons probleme te skep nie. By Vigs is die tydsvenster sowat 15 jaar, by globale verwarming sowat vyftig jaar. Die tydsvenster vir chemikalieë in ons liggame is in baie gevalle eers sigbaar in ons kinders as hulle begin sukkel met foutiewe reproduksiestelsels.

Elkeen van ons wag vir iemand anders om die sisteme te verander. Dit word beskou as die taak van die regering, of van World Watch, of dalk doen die buurman iets, of een of ander gek gemeenskappie êrens. Ons veroorloof ons egter nie veel tyd om daaroor te dink nie. Daar is belangriker dinge om te doen: ons moet meer geld verdien, ons moet meer luukshede kan bekostig, ons moet "vooruitgaan". Dit beteken meer goed wat in die wêreld rondgery moet word, dit beteken dat ons baie graag op 'n vlak wil lewe waar ons meer besit as almal om ons, want dan kan almal om ons sien ons het vooruitgegaan. As ons vir ons kinders die "brand names" kan aantrek wat hulle in die groep aanvaarbaar maak, dan is ons goeie ouers. As ons kinders elke jaar 'n beter model selfoon kan kry, dan kan almal sien dat ons goed sorg.

Dis nie net kinders wat onderhewig is aan hierdie groepsdruk nie. Let op hoeveel vroue hulle hare kleur. Sy kan jou in rand en sent sê hoeveel 'n kuier by die salon kos, maar het sy al die ekologiese prys daarvan bereken? Weet sy dat die chemiese water

wat daar afloop, weer deur die aarde ontvang moet word en ons groente moet besproei? Het sy die prys bereken van die twee kilogram chemikalieë wat vroue gemiddeld per jaar deur skoonheidsmiddels in hulle liggame absorbeer? Dieselfde liggaam waaruit sy kinders moet voortbring?

Selfs die sterker geslag swig onder groepsdruk. Die nuutste model 4x4, die nuutste model skootrekenaar, die nuutste stel gholfstokke is 'n bewys van 'n gemaakte man. Hierdie man het waarskynlik net die geldprys van sy speelgoed bereken.

Ons leef in die eeu waarin die meeste inligting ooit beskikbaar is en tog beteken daardie inligting heeltemal niks as ons dit nie tot ons eie voordeel kan gebruik nie. Ek wonder dikwels hoekom ons so baie weet en so min daaraan doen. Ons kry al vir 'n paar dekades verdoemende voorspellings van wetenskaplikes. Doen gerus 'n Internetsoektog na "The Age of Stupid", 'n opspraakwekkende nuwe film wat handel oor 'n man wat in uiters moeilike omstandighede in 2057 leef. Hy wonder waarom die mense in 2007 niks gedoen het om aardverwarming te keer nie. Hierdie eeu moet eintlik nie bekend staan as die inligtingseeu nie, maar as die eeu van onnoselheid, want ons het geweet en gewag. Confucius het gesê: " Om te weet wat is reg en dit nie te doen nie, is die ergste vorm van lafhartigheid." Patrick Holford het gesê: "Die definisie vir gekheid is om aan te hou om dieselfde dinge te doen en dan verskillende uitkomste te verwag."

Ons het vir seker 'n krisis op hande op ons planeet. Ons kan oor die omvang daarvan redeneer, maar ons kan nie meer ontken dat dit bestaan nie. Hoekom is mense so geheg aan hierdie vernietigende gedrag?

Die moderne ekonomie meet lewenstandaard aan die hoeveelheid jaarlikse verbruik. Die aanname is dus dat mense wat meer verbruik, meer welaf is as mense wat minder verbruik. Die moderne ekonomie beskou verbruik as die einddoel, terwyl die produksiefaktore, soos grond, arbeid en kapitaal, beskou word as die middel tot die doel.

Ons moet dus eers verstaan hoekom die verbruikerskultuur so 'n sentrale rol in ons samelewing speel. Materiële goedere word in ons kultuur nie net na waarde geskat vir hulle funksionele gebruik nie, maar veral vir hulle simboliese waarde. Om 'n motor te koop sê net so veel van jou waardes, identiteit en veral status as wat dit belangrik is om jou van punt A na punt B te vervoer. Alle gemeenskappe gebruik materiële middele om te kommunikeer oor sake soos, "waar hoort ons, wat is ons status en wat is ons waardes".

Byna al ons sosiale en psigologiese funksies in 'n gemeenskap spreek uit ons materiële besittings. Ons kan daardeur wys wie ons is. Verbruik word nie soseer gedryf deur gulsigheid nie. Dit word in 'n groot mate gedryf deur die behoefte om 'n waardige plek vir onsself te vind. Elkeen van ons het die behoefte om waardig geag te word.

Waar staan ons in Orania? Ons maak geluide van volhoubaarheid, maar is dit bloot polities gerieflik om te sê ons is groen? Wat het ons al tot op datum bereik? Wil ons groen wees? Wil ons regtig groen wees? Is ons bereid om die prys van 'n volhoubare leefwyse te betaal? Ons sukkel nog om die prys van selfwerksaamheid te betaal, dit doen ons nog maar in klein paaiemente. Kan ons 'n volgende aanpassing oorleef?

Die waarheid van die saak is dat ons nie meer 'n keuse het nie. Net soos ons die keuse gemaak het om selfwerksaam te wees ter wille van die oorlewing van die Afrikanerkultuur, taal en godsdiens, net so sal ons die keuse moet maak vir 'n volhoubare leefwyse as ons hoegenaamd 'n bewoonbare aarde vir ons kinders wil nalaat. Onthou wat ons nou doen, is eers oor vyftig jaar sigbaar. Baie van ons sal dan nie meer leef nie, maar dit onthef ons nie van die skuld wat ons dra nie.

Besef ons dat ons ook 'n Bybelse verantwoordelikheid het om rentmeester te wees van dié aarde wat ons in 'n perfekte toestand ontvang het? Ons is sekerlik nie so kortsigtig om te dink dat ons vir ons kinders genoeg geld gaan nalaat om 'n perfekte wêreld te koop nie. Ons kinders het meer nodig as geld. Hulle het 'n bewoonbare aarde nodig, hulle het kos nodig, hulle gaan skuilings nodig hê wat die aanslae van dié klimaat wat ons dag vir dag vir hulle skep, kan trotseer. Hoeveel geld gaan genoeg wees om dit te koop? Hoe lief het ons ons kinders regtig?

Ons sal die oplossing vir hierdie probleem passievol en geesdriftig moet aanpak. Ons het 'n keuse gemaak vir selfwerksaamheid en die wêreld verstom. Ons kan weer teen die weë van die wêreld opstaan en wys dat ons 'n verskil kan maak. Ons hier op Orania is nie bang vir 'n uitdaging nie.

Ons sal vandag moet aanvaar dat ons 'n plig en 'n verantwoordelikheid het om ons lewenswyse te verander. Om hier te sit en te luister en dan uit te stap en in die gewone besigwees van elke dag se roetine te verval, sal bydra tot 'n probleem wat vir ons te groot gaan word om op te los.

Wat kan ons hier in Orania doen? Die pad wat ons geloop het met die keuse van selfwerksaamheid het ook die pad berei vir die keuses wat ons nou moet maak. Daar is ook baie parallelle tussen hierdie twee keuses.

Eerstens moet ons die besluit neem dat ons vandag volhoubaar wíl begin leef. Dan sal ons soos ek gesê het, dit passievol moet aanpak. Dis te laat vir effentjies.

Net soos ons 'n vaste reël gemaak het oor selfwerksaamheid en volkseie arbeid, sal ons vaste reëls moet maak oor volhoubaarheid. Ons moet byvoorbeeld elke nuwe gebou wat in Orania opgerig word, met 'n sonwaterverwarmer toerus. Ons kan nie meer elektriese waterverwarming bekostig nie. Bestaande geboue kan 'n tydperk van vyf jaar gegun word om oor te skakel na sonstelsels. 'n Watertenk wat afloopwater kan oes, moet verpligtend wees by elke huis. Elke nuwe huis moet

ontwerp word om reg te front en voldoende geïsoleer te wees om passiewe energieverbruik te bevorder. As ons bouregulasies tot ons beskikking het, is dit vir seker tog daar om dit tot voordeel van die gemeenskap te gebruik? Ons sal nou ‘n alternatiewe tipe rioolstelsel verpligtend moet maak. Daar is genoeg voorbeelde van bv. komposterende toilette wat werk. Dit is nie meer oudtydse, onwelriekende of morsige stelsels nie. In Swede word daar langs al die hoofweë komposterende toilette gebruik. Dit is baie netjies en dit lyk goed, niks om oor skaam te wees nie, inteendeel hulle kan trots wees daarop!

Tweedens sal ons deur voorbeeld moet lei: woorde wek maar voorbeelde trek! Soos die tyd van vreemde arbeid vir ons verbygegaan het, het die tyd van ‘n onvolhoubare leefwyse verbygegaan. Alleenlik as die meningvormers in die gemeenskap, soos die lede van die Direksie oftewel die Dorpsraad, passievol is oor volhoubaarheid, sal daar iets van kom. Elke lid van die Direksie sal die voorbeeld moet stel en elke dag volhoubaar moet lééf.

Derdens sal baie goeie oorweging gegee moet word aan nuwe ontwikkelings. Elke nuwe ontwikkeling sal gemeet moet word aan drie beginsels:

1. Selfwerksaamheid
2. Volhoubaarheid
3. Slegs ekologies-etiese beginsels.

Vierdens moet ons begin om ekologiese vriendskappe te sluit. Net soos wat ons ter wille van ons identiteit en kultuur vriendskappe gesluit het om ons saak te versterk, sal ons vriendskappe oor die ekologiese spektrum moet sluit sodat ons van ander gemeenskappe kan leer en om ook ons kennis in hierdie verband aan ander gemeenskappe beskikbaar te stel. Ons moet terselfdertyd gaan kyk na wat ander gemeenskappe reeds bereik het. Wonderlike voorbeelde soos Gaviotas, Auroville, Curitiba en Arcosanti kan ons ‘n paar duur lesse spaar.

Vyfdens sal ons ons oriëntering t.o.v. ‘n volhoubare leefwyse moet uitbou. In Arcosanti deurloop ‘n mens ‘n oriëntering van vyf weke alvorens hy tot ‘n evaluering toegelaat word.

Sesdens moet ons met die besighede in Orania onderhandel om goedere in groot maat en met minder verpakking te verkoop. Soos wat ons melk in emmertjies kan koop, sal ons suiker en meel ook in ons eie verpakkings moet koop en ons sal die slagter moet vra om ons vleis nie vooraf te verpak in baie lae plastiek en onherwinbare materiaal nie. Die waspapier en bruinpapier van die verlede kan weer gebruik word, of ons kan daar ook ons eie houers gebruik.

Die sewende punt is dat ons sal moet leer om minder afval te genereer en dit wat ons in elk geval genereer, sal ons beter moet hanteer. Ons kan nie toelaat dat skadelike

items soos batterye op die onherwinbare hoop beland nie. Nog 'n belangrike beginsel ten opsigte van vullisskeiding is dat ons sal moet leer om kompos op groot maat te maak. Dit is nie net voordelig vir ons grond wat arm is aan organiese materiaal en waarvan die vrugbaarheid opgebou moet word nie. Vir elke duisend ton kompos wat gemaak word, word byna eenduisend ton koolstofdioksied gebind. Dink net hoeveel krediete ons volgens die Kyoto-protokol kan verdien as ons begin kompos maak. Elke ton kunsmis kos ons 'n besoedelingsfaktor van etlike ton CO_2, in dié geval deur die vrystelling van N_2O gedurende die vervaardiging. N_2O is honderd maal erger as CO_2 as 'n aardverwarmingsgas. As ons in Orania net minimumbewerkingspraktyke toelaat, kan ons miljoene ton CO_2 daarmee alleen spaar. Terselfdertyd sal die koolstofdioksied wat uit geploegde lande ontsnap, daardeur gebind bly.

Agtstens behoort dit deel van ons kultuur te wees dat elke huishouding ten minste sy eie groente en vrugte produseer. Om 'n paar eiers in 'n week te produseer is nie moeilik nie. Ons sal moet leer om dwarsdeur die jaar ons eie kos te kan produseer. Dit is verblydend dat ons reeds 'n voedselsekerheidwerkgroep het wat hulle hiervoor beywer. Dit is ook verblydend dat daar reeds in 'n paar huishoudings in Orania die trots bestaan om te kan sê: "Alles wat ons vanaand eet, is in Orania geproduseer." Ons sal moet leer dat ons nie die luuksheid kan bekostig om kos buite seisoen te eet nie. Die koolstofuitlatings wat daarmee gepaard gaan, is net te hoog. Ons moet 'n slag leer watter inheemse groente uit die bodem van Afrika beskikbaar is. Ons is nog altyd beperk tot die spinasie en groenbone wat Jan van Riebeeck uit Europa saamgebring het. Dalk moet ons begin eet aan die groente wat al reeds aangepas is by die klimaat van Afrika.

In die negende plek sal ons sekere praktyke moet bemoeilik en ander moet vergemaklik. Inwoners sal byvoorbeeld moet leer om ander middels in die plek van skadelike chemikalieë te gebruik. Ons sal dit minder aangenaam moet maak om so maklik in 'n motor rond te ry, 'n ekstra Oraniaheffing dalk. Ons sal koolstofuitlatings so duur moet maak dat dit net nie meer bekostigbaar is nie. Dit is as ons regtig ernstig is oor die idee van volhoubaarheid.

Diesel of petrol produseer 'n ton CO_2 vir elke 500 liter brandstof wat uitgery word. Wat sal toekomstige geslagte sê as hulle terugkyk na die manier waarop ons met elke vinnige rit hulle aarde vernietig het? Ons kan gaan leer by die uiters geslaagde vervoerstelsel wat Curitiba ontwikkel het. Ons sal moet kyk na alternatiewe vervoer. Elektriese motors kan baie brandstof en besoedeling bespaar: Uit gegewens verskaf by 'n simposium oor elektriese en hibriede-voertuie by die Universiteit van Stellenbosch blyk dit dat as slegs 10% van alle voertuie in Suid-Afrika elektries aangedrewe sou wees, sou dit 1,7 miljard liter brandstof per jaar bespaar. 80% van alle motoriste ry minder as 90 km per dag, wat elektriese voertuie ideaal maak vir stedelike gebruik. Dit blyk ook dat 8 000MW tussen 23:00 en 06:00 daagliks van die Eskom-netwerk beskikbaar is om sowat 8 miljoen elektriese motors vir 20 000 km per jaar te laat ry.

Ons sal fietsry moet aanmoedig. Daarvoor kan ons geskikte, veilige fietsrypaaie bou. In Londen betaal die munisipaliteit 'n subsidie aan werkgewers wat fietse aan hulle werknemers beskikbaar stel. Die werkgewers moet dan onderneem om 'n persoon aan te stel om die fietse te onderhou. Dit klink na 'n plan wat goeie gevolge kan hê! Ons kan ook begin om in Orania vir fietse reg van toegang te gee.

In die tiende plek kan ons doelbewus fokus op die ontwikkeling van groen tegnologie. Dit is 'n kommoditeit wat in groot aanvraag gaan kom. Dit kan ook een van die volhoubare wyses wees waarop ons werkskepping in Orania kan bevorder.

Ten slotte wil ek voorstel dat ons doelbewus 'n trots sal kweek t.o.v. volhoubare praktyke. Om dit aan te moedig kan ons jaarliks 'n groot ekokompetisie hou met drie of vier gesinne per span. Die doel is om te wys watter groep oor 'n tydperk van 'n jaar die grootste verandering in hulle leefwyse kan aanbring na 'n meer volhoubare leefwyse. Hulle moet dus hulle energieverbruik, koolstofuitlatings, brandstofverbruik en onherwinbare vullis verminder, hulle eie kos produseer en leefstylaanpassings maak na 'n meer volhoubare leefstyl, bv. minder kitskos, veranderinge in koopgewoontes, bv. meer items met minder verpakking, laedrukstortkoppe installeer, gryswater hergebruik, organiese afval hersirkuleer op eie erf, hulle eie produkte verwerk (droog, bottel of vries), nuwe vaardighede aanleer, eerder in die sonoond kook en alternatiewe verkoelingswyses gebruik. Om dié boodskap uit te dra moet elke groep ook elke maand 'n groep van ten minste tien persone toespreek oor 'n volhoubare leefwyse. Die wenprys hieraan verbonde moet gekoppel wees aan die waarde wat die Dorpsraad daaraan heg. Ek sou dink dat die wengroep ten minste vir 'n jaar vrygestel moet word van heffings. Met 'n volhoubare leefwyse behoort die heffings in elk geval aansienlik minder te word. 'n Jaarlikse kompetisie om vas te stel wie se grond die meeste erdwurms per graaf oplewer, kan groot pret wees.

Wat sou dit baat dat ons soveel in die stryd gewerp het om die Afrikaner se kultuur, taal en godsdiens in beskerming te neem, om opofferings te maak om dit te laat oorleef en te ontwikkel, as die wêreld waarin ons dit moet beoefen nie meer leefbaar is nie? Sou ons dan dink dat dit alles die moeite werd was? Ons is op verskeie maniere besig om dag vir dag vir ons nageslagte 'n toekoms te skep. Sal hulle na ons verwys as "The age of stupid", die onnosele Afrikaners? Of sal hulle met trots kan sê: Die Oraniërs was van die voorlopers by die oplossing van iets wat vir ons 'n geweldige probleem kon wees?

Ons moet vandag besluit.

CA Strydom (Lida)

Bibliografie

Covey, Stephen R. 2004. *THE 8th HABIT From Effectiveness to Greatness*. Free Press: New York

Future Entrepreneurs. 2006. *UGO/OBE Plus Fisiese Wetenskappe Leergids Graad 10*. Future Entrepreneurs: Menlopark

Future Entrepreneurs. 2007. *UGO/OBE Plus Lewenswetenskappe Leergids Graad 11*. Future Entrepreneurs: Menlopark

Holford, P. 2003. *Optimum nutrition for the mind.* Tweede druk. London: Piatkus

Holm, Erik. 2008. *Natuur-lik!* Marula Books: Pretoria

Lee, Andy and Foreman, Pat. 2002. *CHICKEN TRACTOR The Permaculture Guide to Happy Hens and Healthy Soil.* Negende druk. Good Earth Publications: USA

Mollison, B. 1988. *PERMACULTURE A Designer' Manual.* Sewende druk. Tyalgum, Australia: Tagari Publications

Mollison, Bill and Slay, Reny Mia. 1991. *Introduction to Permaculture.* Tagari Publications: Tyalgum, NSW, Australia

Schumacher, E.F. 2004. *THIS I BELIEVE and other essays.* Derde druk. Green Books: Cornwall, UK.

Strydom, Lida. 2007. *Besoedelde Babas. Rooi Rose.* September 2007. pp 122-124.

Strydom, Lida. 2008. *Hormoonherrie. Rooi Rose.* April 2008. pp. 78-80.

Woodrow, Linda.1996. *The Permaculture Homegarden.* Penguin Books Australia Ltd. Victoria, Australia.

www.ucsusa.org/global_warming/science/global-warming. Union of Concerned Scientists. Science of Global Warming: Consensus versus Certainty in a Complex World.

Uitleg: Ultimate Dzines Jeffreysbaai 042 293 1055
Gedruk deur SwiftPrint Kimberley 053 839 2900